DIE KOMPAS PERIODE

DEUR PENNY DU TOIT

Kopiereg © 2025 deur Penny du Toit

Alle regte voorbehou. Hierdie publikasie mag gereproduseer, versprei of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, insluitend fotokopiëring, opname, of ander elektroniese of meganiese metodes.

Vir enige navrae, kontak asseblief die uitgewer by:

Penny du Toit

Posbus 38,
Uis,
Erongo 13010,
Namibië
info@pennydutoit.com
Penny du Toit
www.pennydutoit.com

Die Kompas Periode

Wen die toekoms saam

Penny du Toit

Opgedra aan Elnathan, mag jy 'n leier vir die toekoms wees.

Spesiale dank aan : Helena Hough vir haar hulp met raad uitleg en oorleg.

BRIEF AAN U, ... 11

DOEL VAN DIE PROGRAM..... 13

WEEK 1 / LES 1 GOD IS LIEF VIR MY 17

WEEK 2 / LES 2 GOD SE GENADE IS GENOEG. 19

WEEK 3 / LES 3 GOD IS ALTYD BY MY. 21

WEEK 4 / LES 4 GOD VERGEWE ONS. 23

WEEK 5 / LES 5 GOD GEE ONS KRAG. 27

WEEK 6 / LES 6 GOD HOOR ONS GEBEDE. 29

WEEK 7 / LES 7 GOD SE VREDE. 31

WEEK 8 / LES 8 GOD SE BELOFTES. 33

WEEK 9 / LES 9 GOD SE SORG. 35

WEEK 10 / LES 10 GOD SE SKEPPING. 37

WEEK 11 / LES 11 WEES BARMHARTIG. 39

WEEK 12 / LES 12 VERTROU OP GOD. 41

WEEK 13 / LES 13 GOD SE VERLOSSING. 43

WEEK 14 / LES 14 WEES DANKBAAR. 45

WEEK 15 / LES 15 GOD SE LIG. 47

WEEK 16 / LES 16 LIEFDE VIR ANDER. 49

WEEK 17 / LES 17 GOD SE PLAN. 51

WEEK 18 / LES 18 WEES GETROU. 53

WEEK 19 / LES 19 GOD SE STEM. 55

WEEK 20 / LES 20 JESUS IS ONS VRIEND. 57

WEEK 21 / LES 21 DIE VRUG VAN DIE GEES. 59

WEEK 22 / LES 22 GOD SE KRAG IN SWAKHEID 61

WEEK 23 / LES 23 WEES VRYGEWIG. 63

WEEK 24 / LES 24 GOD SE BESKERMING. 65

WEEK 25 / LES 25 BID TOT GOD. 67

WEEK 26 / LES 26 GOD SE GOEDHEID. 69

WEEK 27 / LES 27 WEES DAPPER. 71

WEEK 28 / LES 28 GOD SE WAARHEID. 73

WEEK 29 / LES 29 WEES HOOPVOL. 75

WEEK 30 / LES 30 DEEL GOD SE LIEFDE. 77

SLOTWOORD 79

Brief aan u,

Beste Onderwyser,

In vandag se skole sien ons hoe ’n groeiende druk ons kinders oorweldig. Die streng skoolkurrikulum, saam met ’n stortvloed van buitemuurse aktiwiteite, lê ’n swaar las op jong skouers. Prestasiedruk van ouers en onderwysers steel dikwels hul hoop en laat hulle sonder rigting – dit knak daardie morele kompas wat eens die hart van ons samelewing was. Hierdie spanning lei tot ernstige uitdagings: tiener-swangerskappe, swak selfbeeld, en ’n gebrek aan sterk leierskap. En asof dit nie genoeg is nie, hang gebroke huise soos ’n skaduwee van wanhoop oor ons gemeenskappe.

Die impak hiervan is onmiskenbaar: ons kweek ’n generasie wat nie altyd gereed is vir die moderne wêreld se storms nie. Ons sien ’n verarming van die geestelike en morele waardes wat nodig is om die toekoms met moed en integriteit aan te pak. In ’n tyd waar vrees en onsekerheid soos mis oor ons lê, is dit nou belangriker as ooit om die drie pilare van ons samelewing, die gesin, die skool, en die gemeenskap saam te bring.

Hierdie program is ons antwoord daarop, ’n kans om rigting te gee en hoop te herstel. Dit is spesifiek ontwerp om toekomstige leiers op te bou, om lig te bring in ’n wêreld vol vrees, en om die morele kompas terug te lei na Bybelse beginsels. Met ’n aanpak wat mentorskap, musiek, en interaktiewe lesse insluit, wil ons ’n stewige fondament lê. Ons droom is dat kinders nie net akademies sal uitblink nie, maar veral sal groei in karakter, geloof, en morele krag – sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.

Met hierdie brief nooi ek jou uit om saam met ons op hierdie reis te gaan. Kom ons bou ’n toekoms waar waardes, sterk karakter, en leierskap die hart vorm van ’n hernude, gesonde samelewing. Jy het die krag om saam met ons ’n verskil te maak om die toekoms te verander.

Met hoop en geloof,

Penny Du Toit

Doel van die Program

Kernboodskap:

• Om kinders te help om Bybelse waardes en morele beginsels in hul daaglikse lewe toe te pas.

• Om ‘n lewenskompas te bied in ‘n onseker era deur ‘n gebalanseerde benadering van geestelike groei en karakterontwikkeling.

Wat dit bereik:

• Kinders leer om die konsepte van liefde, hoop, en selfwaardering te verstaan en te leef volgens God se riglyne.

• ‘n Stewige grondslag vir toekomstige besluite wat ooreenstem met Christelike beginsels.

Mentorskapmodel

Kernboodskap:

• Die program is gebaseer op ‘n mentorskapmodel waarin beide onderwysers en ouer kinders rolmodelle is vir jonger leerders.

Implementering:

• Onderwysers as Mentore: Onderwysers word opgelei om nie net akademiese ondersteuning te bied nie, maar ook om hul eie lewensverhale en geloofsreis te deel. Hulle sal optree as leiers en voorbeeldhouers vir die gesamentlike ontwikkeling van karakter en dissipline.

• Kinders as Mentore: Ouer, geestelike en emosionele veerkragtige kinders kan jonger leerders help deur hul ervarings te deel, veral in groepsaktiwiteite en samewerkende speletjies. Dit bevorder ‘n kultuur van wedersydse ondersteuning en positiewe peer-leierskap.

Musiek en Interaktiewe Lesse

Kernboodskap:

• Musiek en interaktiewe lesse maak die leerproses toeganklik, aangrypend en relevant vir kinders.

Implementering:

• Musiek:

• Gebruik bekende kindersangliedjies soos “Jesus Loves Me” en “He’s Got the Whole World” wat nie net herkenbaar is nie, maar ook ‘n boodskap van liefde en vertroue oordra.

• Liedjies sal aangepas en gekies word om spesifieke waardes en lewenslesse te beklemtoon, en om ‘n vrolike en inklusiewe atmosfeer te skep.

• Interaktiewe Lesse:

• Lesse sal prakties wees met ‘n kombinasie van Skriflesing, verhalende elemente, rollespel en kreatiewe aktiwiteite.

• Die program moedig ‘n aktiewe deelname aan deur die gebruik van gespreksrondes, groepaktiwiteite en kreatiewe projekte wat die kernboodskappe lewendig maak.

Verenigbaarheid met Skoolwaardes

Kernboodskap:

• Die program is ontwerp om naatloos aan te sluit by die bestaande waardes en dissiplines van die skole.

Implementering:

• Karakterontwikkeling:

• Die lesse is so gestruktureer dat hulle ‘n bykomende dimensie aan karakterbou bied, soos eerlikheid, verantwoordelikheid, en selfdissipline.

• Dit ondersteun ‘n positiewe omgewing wat reeds deur die skole bevorder word.

• Positiewe Disipline:

• Die program se klem op mentorskap en interaktiewe leer bevorder ‘n kultuur van respek en samewerking, wat bydra tot die algehele dissipline en orde in die klaskamers.

Logistiek en Implementering

Kernboodskap:

• Om die program so toeganklik en prakties moontlik te maak, is ‘n duidelike logistieke raamwerk noodsaaklik.

Implementering:

• Besoeke:

• Stel voor dat besoeke aan die skole gereeld plaasvind – byvoorbeeld ‘n sessie per week of ‘n maandelikse reeks sessies – sodat die program konsekwent en voorspelbaar is.

Sessieduur:

• Elke sessie kan tussen 30 minute en 1 uur wees, wat genoeg tyd bied vir ‘n kombinasie van musiek, Skriflesing en interaktiewe aktiwiteite sonder om die normale skedule te ontwrig. Die onderwyser se les plan en ontwikkeling van die les plan sal bepaal hoeveel data dit moet bevat. Hierdie bly ‘n riglyn.

• Rol van Onderwysers:

• Onderwysers sal nie net as fasiliteerders optree nie, maar sal ook betrokke wees in die evaluering van die program en die aanpassing daarvan op grond van terugvoer.

• Bystand en Samewerking:

• Die program se struktuur laat ruimte vir samewerking met die skool se bestaande leerplanne en opvoedkundige inisiatiewe, wat ‘n geïntegreerde benadering tot karakterontwikkeling verseker.

Samevatting

Die voorgestelde evangelisasie- en karakterbouprogram bied ’n omvattende benadering tot geestelike en persoonlike ontwikkeling. Met die klem op mentorskap, musiek, interaktiewe lesse en die verenigbaarheid met bestaande skoolwaardes, bied die program ‘n stewige basis vir kinders om te groei in ‘n wêreld vol uitdagings.

Beskrywing

Hierdie 30- weke oorsigplan is ontwerp om kinders op ’n interaktiewe wyse te help karakter te bou, hul waardes te versterk en hul Christelike moralteit te verdiep. Elke week kombineer ons musiek, Skriflesing en interaktiewe aktiwiteite. Hieronder is ‘n uiteensetting van die 30 weke met voorgestelde temas, doelwitte, musiek en Skrifgedeeltes:

Algemene Weekstruktuur

Opening: Kort gebed of meditasie om die sessie te begin.

Musieksegment: Sing saam ’n lofsang wat relevant is tot die week se tema.

Skriflesing: ‘n Kort Bybelgedeelte wat die week se boodskap ondersteun.

Kernles: Bespreking, stories en interaktiewe aktiwiteite (rol spel, geselsies, tekeninge) rondom die week se tema.

Afsluiting: Samevatting van die geleerde les en afsluitende gebed.

Week 1 / Les 1 God is lief vir my

Datum: _____

Tema: God se liefde vir my en jou.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?):

Lees 1 Joh 4:7-8 – lees na oor God se liefde vir Sy kinders.

“ 7 GELIEFDES, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.

8 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.”

1 Joh 4:7-8

Doelstelling: Leerders moet verstaan dat God baie lief is vir elkeen van ons.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
“Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wat beteken dit om mekaar lief te hê? Om om te gee vir mekaar? Hoe kan ek ’n goeie vriend wees vir my maats?

Liedjie vir die week: Die liefde van Jesus is Wonderbaar – leerders kan ook voorstelle gee.

https://youtu.be/rEESeeUQPHQ?si=PmH8n5zL12F3AdQx

https://youtu.be/OMfA7VOkwF0?si=n-uceCl-6GmsNd2b

Lesaanbieding / Konteks: Lees die Skrif vir die leerders. Gesels oor hierdie liefde van God. Nie wêreldse liefde nie. Wat is die verskil?

Kreatiewe aktiwiteit: Maak hartjie-Bybel-boekmerkies.

Samevatting: Kinders kan vrae vra en ook vir mekaar in die klas sê: “Ek het jou lief met die liefde van ons Heer.”

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema.

Uitdaging/Toepassing prakties: Ek daag jou uit om die week ten minste vir 5 vriende te sê: “Ek het jou lief.”

Week 2 / Les 2 God se genade is genoeg.

Datum: _____

Tema: God se genade in ons lewens.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees 2 Kor 12:9 – God se genade is voldoende.

“ 9 En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.”

2 Kor 12:9

Doelstelling: Leerders moet weet dat God se genade ons dra, selfs in moeilike tye.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
“Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wat beteken genade? Hoe wys ons genade aan ander?

Liedjie vir die week: Genade onbeskryflik groot.
https://youtu.be/Wz0RBuLuX6w?si=H4U1s6hk24sy6SjU

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek hoe God se genade verskil van menslike goedheid.

Kreatiewe aktiwiteit: Rolspel met maatjies oor ’n situasie waar jy genade ontvang het.

Samevatting: Laat leerders deel hoe hulle genade ervaar het.

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Wees genadig teenoor iemand wat jou irriteer hierdie week.

Week 3 / Les 3 God is altyd by my.

Datum: _____

Tema: God se teenwoordigheid in ons lewens.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Josua 1:9 – God is altyd by ons.

“ 9 Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan”

Josua 1:9

Doelstelling: Leerders moet verstaan dat God nooit ver is nie.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
“Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wanneer voel jy alleen? Hoe kan God se teenwoordigheid jou help?

Liedjie vir die week: U is hier Ps 139.
https://youtu.be/Sp39HktkzkU?si=Yg7fQDMhVhXJtcWS

Hoe groot is ons God

https://youtu.be/oXIxcxoG8qY?si=sv6ZpwphlTEXLWBw

Lesaanbieding / Konteks: Vertel ’n storie uit die Bybel waar God by iemand was (bv. Daniel in die leeukuil).

Kreatiewe aktiwiteit: Maak ’n “God is by my”-plakkaat.

Samevatting: Vra: “Hoe kan jy God se teenwoordigheid hierdie week onthou?”

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Sê vir iemand: “God is by jou” wanneer hulle bang of hartseer is.

Week 4 / Les 4 God vergewe ons.

Datum: _____

Tema: God se vergifnis vir ons foute.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Lukas 15:11-32 – Die Verlore Seun.

“11HY het ook gesê: 'n Man het twee seuns gehad.

12En die jongste van hulle het vir sy vader gesê: Vader, gee my die deel van die eiendom wat my toekom. En hy het die goed tussen hulle verdeel.

13En nie baie dae daarna nie het die jongste seun alles bymekaargemaak en weggereis na 'n ver land. En daar het hy sy eiendom verkwis deur losbandig te lewe.

14En toe hy alles deurgebring het, kom daar 'n swaar hongersnood in daardie land, en hy het begin gebrek ly.

15Toe het hy hom by een van die burgers van daardie land gaan voeg. En dié het hom in sy veld gestuur om varke op te pas.

16En hy het verlang om sy maag te vul met die peule wat die varke eet, en niemand het dit aan hom gegee nie.

17Maar hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger!

18Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u,

19en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.

20En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.

21En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.

22Maar die vader sê vir sy diensknegte: Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete.

23En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees.

24 Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word.

25En sy oudste seun was in die veld, en terwyl hy al nader na die huis kom, hoor hy musiek en beurtsange.

26En hy roep een van die diensknegte na hom toe en vra wat dit beteken.

27Dié sê toe vir hom: U broer het gekom, en u vader het die vetgemaakte kalf geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het.

28En hy het kwaad geword en wou nie binnegaan nie. Sy vader gaan toe uit en smeek hom.

29Maar hy antwoord en sê vir sy vader: Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u gebod oortree nie, en vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie.

30Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag.

31Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue.

32Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind."

Lukas 15:11-32

Doelstelling: Leerders moet weet dat God ons vergewe as ons berou wys.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wat doen jy as jy iets verkeerd doen? Hoe voel dit om vergewe te word?

Liedjie vir die week: Vergewe my, Here.

https://youtu.be/U-X5nsZ0iu0?si=q_8n1cB1cLodOR82

Lesaanbieding / Konteks: Vertel die storie van die Verlore Seun en bespreek vergifnis.

Kreatiewe aktiwiteit: Skryf ’n vergewingsbrief aan ’n vriend (nie om te gee nie).

Samevatting: Vra: “Wie kan jy vergewe?”

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Vergewe iemand wat jou seergemaak het hierdie week.

Week 5 / Les 5 God gee ons krag.

Datum: _____

Tema: Krag deur God in moeilike tye.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Filippense 4:13 – Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee.

"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

Filippense 4:13

Doelstelling: Leerders moet verstaan dat God ons help om sterk te wees.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Wanneer het jy al krag nodig gehad? Wie help jou as jy swak voel?

Liedjie vir die week: Jesus gee Krag.

https://youtu.be/fPo3YxDse3k?si=hj_Q4013DY3MbRqB

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek hoe God krag gee (bv. Dawid teen Goliat).

Kreatiewe aktiwiteit: Maak 'n krag-armband met krale of tou.

Samevatting: Deel 'n tyd toe jy sterk gevoel het met God se hulp.

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Help iemand wat swak voel hierdie week.

Week 6 / Les 6 God hoor ons gebede.

Datum: _____

Tema: Die krag van gebed.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Matt 7:7 – Vra, en dit sal gegee word.

"Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word."

Matt 7:7

Doelstelling: Leerders moet leer dat gebed 'n manier is om met God te praat.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Hoekom bid ons? Wat wil jy vir God vra?

Liedjie vir die week: **Nuwe Generasie - Mighty Kids Arise**

https://www.youtube.com/watch?v=t6QSHDRlrk8

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek hoe gebed ons nader aan God bring.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak 'n gebedskatkis (versier 'n boksie vir gebede).

Samevatting: Laat leerders een gebed opskryf en deel.

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Bid elke dag vir een persoon hierdie week.

Week 7 / Les 7 God se vrede.

Datum: _____

Tema: God se vrede in ons harte.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Joh 16:33 – Ek het vrede vir julle.

“Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.:

Joh 16:33

Doelstelling: Leerders moet weet dat God vrede gee in chaos.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
“Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wat maak jou onrustig? Hoe kan God jou kalm maak?

Liedjie vir die week: Laat Heer U vrede deur my vloei.

https://youtu.be/vxY7GWpinKo?si=AXhCWGah1oJ5j4CQ

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek hoe Jesus vrede belowe het.

Kreatiewe aktiwiteit: Teken ’n vredesduif.

Samevatting: Deel hoe jy vrede ervaar.

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Bring vrede in ’n argument hierdie week.

Week 8 / Les 8 God se beloftes.

Datum: _____

Tema: God hou Sy woord.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Númeri 23:19 – God se groot beloftes.

""God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hý iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"

NÚMERI 23:19

Doelstelling: Leerders moet vertrou op God se beloftes.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Wat is 'n belofte? Het iemand al 'n belofte aan jou gebreek?

Liedjie vir die week: Staan Vas

https://youtu.be/0-IQtNWyucI?si=FUe-dj-6wFrC8lJ0

Hy is die liefling van my siel.

https://youtu.be/vUIDcPBE5HU?si=3i3pxYN68YvhHJ2q

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek God se belofte aan Abraham.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak 'n belofte-ketting.

Samevatting: Noem een belofte van God.

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Vertrou God met een ding hierdie week.

Week 9 / Les 9 God se sorg.

Datum: _____

Tema: God sorg vir ons.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Matt 6:26 – Kyk na die voëls.

"Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?"

Matt 6:26

Doelstelling: Leerders moet weet dat God vir ons sorg.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Wie sorg vir jou? Hoe sorg God vir die natuur?

Liedjie vir die week: God sorg vir die mossies.

https://youtu.be/5a0edvTk2Io?si=PCtfFaDiVmbLGu10

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek hoe God vir die voëls en blomme sorg.

Kreatiewe aktiwiteit: Teken voëls en blomme.

Samevatting: Hoe het God al vir jou gesorg?

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Sorg vir iets/iemand hierdie week.

Week 10 / Les 10 God se skepping.

Datum: _____

Tema: God het alles gemaak.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Genesis 1:31 – Alles was goed.

"Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en — dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag."

Genesis 1:31

Doelstelling: Leerders moet God se skepping waardeer.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Wat is jou gunsteling deel van die natuur?

Liedjie vir die week: O Heer my God
https://youtu.be/meyP6j95A8g?si=heF3nvTazDFGTLHd

Lesaanbieding / Konteks: Vertel die skeppingsverhaal kortliks.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak 'n skeppingskollage.

Samevatting: Wat in die skepping wys God se liefde?

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Geniet die natuur hierdie week.

Week 11 / Les 11 Wees barmhartig.

Datum: _____

Tema: Barmhartigheid soos God.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Lukas 6:36 – Wees barmhartig.

“Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.”

Lukas 6:36

Doelstelling: Leerders moet leer om ander te help.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
“Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wat beteken barmhartigheid? Wanneer was iemand barmhartig teenoor jou?

Liedjie vir die week: U is Goed Here Jesus.

https://youtu.be/UqhJXCjsPJU?si=icGkxMxXFUHHUPyP

Lesaanbieding / Konteks: Vertel die storie van die Barmhartige Samaritaan.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak ’n barmhartigheidskaart.

Samevatting: Wie kan jy help?

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Help ’n vreemdeling hierdie week.

Week 12 / Les 12 Vertrou op God.

Datum: _____

Tema: Vertroue in God se plan.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Spreuke 3:5-6 – Vertrou op die Heer.

“5 Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. 6 Ken Hom in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak.”

Spreuke 3:5-6

Doelstelling: Leerders moet leer om op God te vertrou.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
“Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen.”

Inleiding: Wat is moeilik om te vertrou? Hoe help geloof jou?

Liedjie vir die week: Ek weet die Here maak n weg.

https://youtu.be/8x3PUNCAavo?si=xXulE0LUmTfzdUbC

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek hoe God se pad soms anders is.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak ‘n breinkaart op jou pad met God.

Samevatting: Wat vertrou jy aan God toe?

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Vertrou God met ’n probleem hierdie week.

Week 13 / Les 13 God se verlossing.

Datum: _____

Tema: Jesus het ons gered.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees Joh 3:16 – God het die wêreld liefgehad.

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Joh 3:16

Doelstelling: Leerders moet Jesus se offer verstaan.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Wat beteken verlossing? Hoekom het Jesus gesterf?

Liedjie vir die week: Ek is verlos.

https://youtu.be/7IupTyC4pk4?si=aA-9Xv0Jjs8UuNzf

Lesaanbieding / Konteks: Vertel kortliks van die kruisiging.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak 'n kruis-kunsstuk.

Samevatting: Hoe voel jy oor Jesus se liefde?

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Deel die goeie nuus met iemand.

Week 14 / Les 14 Wees dankbaar.

Datum: _____

Tema: Dankbaarheid teenoor God.

Voorbereiding (Wat het ek nodig?): Lees 1 Tess 5:18 – Wees altyd dankbaar.

"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle."

1 Tess 5:18

Doelstelling: Leerders moet dankbaarheid oefen.

Opening: Gebed. - Onse Vader Matt 6:9-13

Ons Vader
"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel, so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. Amen."

Inleiding: Waarvoor is jy dankbaar? Hoe sê jy dankie aan God?

Liedjie vir die week: Tel jou seeninge.

https://www.youtube.com/watch?v=NOYFuIJ1-ao

Lesaanbieding / Konteks: Bespreek waarom dankbaarheid belangrik is.

Kreatiewe aktiwiteit: Maak 'n dankie-lys.

Samevatting: Deel een ding waarvoor jy dankbaar is.

Afsluiting: Gebed - Elke leerder kry n kans om te bid in lyn met die tema..

Uitdaging/Toepassing prakties: Sê dankie aan 3 mense hierdie week.

Week 15 / Les 15 God se lig.

